# Hoërskool Bergvlam

## Afrikaans EAT

## Graad: 12

| | | |
|---|---|---|
| **Datum** | : | ___ Februarie |
| **Tyd** | : | 1 uur |
| **Punte** | : | 55 / 55 = 40 |

| | | |
|---|---|---|
| **Moderator** | : | E. Bothma |
| **Eksaminator** | : | L. Fullard |
| **Taak** | : | 4 [Toets 1: Mini-eksamen] |

**Naam** : ______________________

**Van** : ______________________

**Punte**

/

55 / **40**

**INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS.

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Leesbegrip | [20] |
| AFDELING B: Taalstrukture en –konvensies | [25] |
| AFDELING C: Opsomming | [10] |

3. Beantwoord al die vrae.
5. Alle vrae moet in Afrikaans beantwoord word.
6. Nommer die antwoorde soos die vrae op die vraestel.
7. Beantwoord al die vrae op foliopapier.
8. Beplan jou tyd deeglik. Werk netjies, noukeurig en sistematies.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

Lees die volgende KOERANTARTIKEL versigtig deur.



**Motivering**
**Deur Lizl Lamprecht**

1 Matriek is ’n soetsuur jaar. ’n Heerlike ervaring omdat die soet en die suur meng. So tussen eksamens en spanning deur beweeg jy elke dag nader aan die einddoel – die eindeksamen, matriekvakansie en wat jy daarna gaan doen. Tog moet jy nog baie doen voor jy daar kan uitkom: baie studietyd, toetse, eksamens en om Graad 11 en 12 te slaag. Die meesters van motivering, die advertensiemaatskappye, het ’n paar dinge te sê wat jou kan help om alles suksesvol te doen.

2 “Just do it” – Nike.
Dit is een van die suksesvolste slagspreuke in die land. Daarom is dit nou die tyd om jou Nike-tekkies aan te trek en dit te doen! Elke keer wat jy iets doen is dit een keer minder na die wenstreep toe. As Graad 11 en 12 die Comrades was, was jy nou al in die laaste deel van die baan. Jou ouers en onderwysers is jou vriende wat kan help as die tekkies knyp of jou knieë lam word.

3 “Waar het jy vandaan gekom?” – Eerste Nasionale Bank.
In hierdie advertensie kom iemand skielik van nêrens om te help en is dan almal se held. Jy kan ook ’n held wees as jy skouer aan die wiel sit en hard werk om te slaag. Of jy kan ander mense vra om te help – helde! Dit sal lekker wees as almal aan die einde vra: “Waar het hy vandaan gekom?”




4 “Life tastes good” – Coca Cola.
Coca Cola het die spyker op die kop geslaan met hierdie een! Kan jy nie die lekker koel smaak proe en opgewonde raak oor iets wat gaan gebeur as jy dit hoor nie? Miskien kan jy jouself in stresvolle tye herinner dat die lewe werklik lekker smaak en dat elke dag ons nader bring aan ons doel. Na matriek kan die lewe net lekkerder raak met meer onafhanklikheid, nuwe sosiale lewe en nuwe ervarings.

5 “It’s always better on the big screen” – Ster Kinekor.




Hierdie is ’n feit, want alles gaan oor die groter prentjie. Nie net die eksamen nie, maar ook waar die eksamen inpas in die res van jou lewe. Die eksamen is belangrik, want jy moet goeie punte kry, maar ook balans in jou lewe toepas. Jy moet genoeg oefen, slaap, reg eet EN studeer! Hierdie punte gaan jou ook help om jou toekomsdrome waar te maak. Neem jou eerste besluit om dit ’n lekker ervaring te maak deur goed voor te berei en balans toe te pas.

6 Hoop dat jou laaste twee jaar op skool positief sal wees.



[Verwerk uit: Beeld, 22 Julie 2003]

**Beantwoord die volgende vrae:**

**VRAE:**

1.1 Wat is volgens die teks, die skolier se einddoel? (3)

1.2 Met watter groot gebeurtenis word jou lewe in die Nike-advertensies vergelyk? (1)

1.3 Wat maak die lewe lekkerder na matriek (par.4)? (2)

1.4 Hoe kan jy ’n held wees? (2)

1.5 Watter mense kan jou helde wees? (1)

1.6 Op watter praktiese manier demonstreer Nike-tekkies hoe jy dinge kan doen? (2)

1.7 Verduidelik wat die beeld, “jou vriende wat kan help as die tekkies knyp of jou knieë lam word.” (par.2), in sy konteks van die artikel beteken. (1)

1.8 Wat beteken spyker op die kop geslaan? (par.4) (1)


1.9 Waaraan herinner Coca Cola se slagspreuk ons? (2)

1.10 Haal ’n frase aan om te motiveer waarom die advertensiemaatskappye jou kan help om suksesvol te wees. (1)

**[16]**

**VRAAG 2**

Lees die tydskrifartikel op die volgende bladsy en beantwoord die volgende vrae:


SPEEL SAAM IN NUWE WEDSTRYD! WEN R60 000 KONTANT OOR 4 WEKE
7 April 2011 # 721
EKSKLUSIEF
LOUI FISH OOR KINDERS EN NUWE LIEFDE
Klein Ino voltooi nou my geluk!
PALEIS VIR 'N SKOPKONING
Morné Steyn en sy Christelle wys hul huis
ANNELI VAN ROOYEN
Deurtrek van pyn, brandarm, 'operasie my laaste hoop'
GASPLANNE IN KAROO
Vlieg na die hel, Shell!
EKSKLUSIEF
CELINE DION DOOP TWEELING; 27 KG LIGTER NA NET 4 MAANDE
VERSOT OP MY 4 'SEUNS'
KATE MIDDLETON WORD STYLGODIN SOOS DIANA
RAAD VIR SKAAM TIENERS

**VRAE:**

2.1 Soek die naam van die **berig** op die tydskrif se voorblad waarvan die volgende tipe mense sal hou:


| | **Mense wat …** | **Berig** |
|---|---|---|
| a | Van rugby hou | |
| b | Van musiek hou | |
| c | Van aktuele berigte hou | |
| d | Daarvan hou om van beroemde mense te lees | |

**[4]**

**AFDELING A: [20]**

## AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

## VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE




**Voltooi die volgende paragraaf. Doen elke keer wat tussen die hakies gevra word. Skryf slegs die nommer en korrekte antwoord neer.**

| |
|---|
| Die mense in **3.1** (Suid-Afrika/Suid Africa – **kies die regte spelling**) hou baie van **3.2** (talent + kompetisie – **gee die meervoud van regte samestelling**). Daar is baie **3.3** (mense wat deelneem – **gee een woord**). Hulle neem almal op baie **3.4** (verhoog – **gee die meervoud**) |

deel. Die kompetisie het **3.5** (40 – **skryf voluit**) dae geneem voordat **3.6** ('n wenner is aangewys – **kies die regte woordorde**). Daar is **3.7** (verskillende – **gee die antoniem**) tipe **3.8** (dinge – **gee die sinoniem**) wat gedoen word. Een man gooi vier **3.9** (bal – **gee die meervoud**) **3.10** (in/oor/op – **kies die regte voorstelsel**) die lug op. 'n **3.11** (baie lelik – **gee die intensiewe vorm**) man sluk vuur. Hy is **3.12** (baie doof – **gee die intensiewe vorm**) en dra nie **3.13** (hemp – **gee die meervoud**) nie. 'n **3.14** (seun in sy tienerjare – **gee een woord**) balanseer stoele. Hy is **3.15** (goed – **gee die vergrotende trap**) as die man met die **3.16** (praat – **gee die deelwoord**) pop. Die vrou het twee **3.17** (hondjies/honkies/hondtjies – **kies die korrekte spelling**) wat toertjies uitvoer. Die diertjies luister **3.18** (met/aan/vir – **kies die regte voorsetsel**) haar. Hoe **3.19** (mooi – **gee die vergrotende trap**) sy hulle maak, hoe **3.20** (lief – **gee die vergrotende trap**) word almal vir hulle. Die **3.21** (nar – **gee 'n sinoniem**) laat mense lag. Sy gesig is wit met twee klein **3.22** (traan – **gee die verkleinwoord**) onder altwee sy **3.23** (oog – **gee die meervoud**). Hy doen mimiek en maak **3.24** (stok – **gee die regte vorm van die woord**) **3.25** (beweging – **gee die verkleinwoord**) en mense sit doodstil en kyk.

**[25]**

## AFDELING C: OPSOMMING

### VRAAG 4:

Lees die volgende leesstuk en som dit dan op deur **SEWE** wenke te gee hoe om kommunikasie in 'n verhouding te verbeter.

- Skryf die SEWE wenke puntsgewys.
- Skryf volsinne.
- Dit moet nie meer as **70 woorde** wees nie.
- Skryf die aantal woorde wat gebruik is aan die einde van die opsomming in hakies neer.

**Hoe om kommunikasie te verbeter**

Een van die grootste redes vir verhoudings wat verbrokkel, is 'n gebrek aan kommunikasie. Goeie kommunikasie is van kardinale belang vir 'n gesonde verhouding. Wanneer daar 'n probleem ontstaan, moet albei partye bereid wees om te erken dat hy of sy deel is van die probleem. Dit help niks as een persoon nie wil erken dat hy of sy ook skuldig is nie.

Dit is moontlik dat daar meer as een probleem in die verhouding bestaan, maar dit is onmoontlik om dit alles gelyk aan te pak. Probeer om net een probleem op 'n slag op te los. Verder is dit baie belangrik om nie persoonlik te raak nie. Vat die probleem aan en nie mekaar nie, anders gaan julle niks bereik nie.

As jy skuldig is aan iets, moet jy kritiek kan ontvang. En indien jy kan verbeter, werk daaraan. Moenie die kritiek ignoreer nie.

Geen twee persone is dieselfde nie. Respekteer dus mekaar se persoonlikheid en moenie verwag dat die ander persoon presies soos jy moet dink en voel nie. Jy moet ook 'n luisteraar wees. Luister sonder om te onderbreek.

Pas jou goue reël altyd toe: doen aan jou maat alles wat jy wil hê hy of sy aan jou moet doen. Wil jy hê hy of sy moet vir jou die waarheid vertel? Jou help wanneer jy hom of haar nodig het? Doen dan dieselfde aan hom of haar.

**[10]**

**GROOTTOTAAL: 55**

# ANTWOORDBLAD: